**Maart 2012**
Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Hierdie maand het dit maar swaar gegaan om te skryf. Ek het 'n nuwe speelding gekry – 'n Amazon Kindle. Tussen die 36,000 gratis boeke op Gutenberg se webwerf het ek baie ou bekende boeke weer opgespoor wat lankal uit druk is. Dit is ongelooflik dat ek baie meer as 1,000 boeke op die ding kan laai en saam neem net waar ek gaan. Nou soek ek net tyd om te lees!

Die weer en die reën bly maar 'n onderwerp wat gedurig onder bespreking is. Elsie Roelofse het die interessante stuk oor die weer in Pretoria in 'n ou Potchefstroomse koerant opgespoor [De Potchefstroomer, 9 Maart 1886]. Ek skryf dit in die oorspronklike Nederlands, dit is vir my baie interessanter as 'n Afrikaanse vertaling.

**Hewige Stortreëns te Pretoria**
Saterdag namiddag had een van de versckriklijkste stortregens plaats, waarvan wij ooit in Pretoria getuigen geweest sijn. Het weder had gedurende die gehele week naar regen gestaan en Dinsdag avond woede een hagelstorm in die richting van Magaliesberg, waarvan een gedeelte in die noordelijke richting van de stad naderkwam. Woensdag namiddag kwam er een hevige windstorm uit het ooste op, die bergen van stof opjaag en vergeseld ging men vrij van donder welke eindigde in een verkwikkende regen, die een tijd aanheld. Donderdag was de lucht min of meer bewolkt, maar regende het niet Vrijdag morgen en ook weder Zaterdag morgen vielen er prachtige regens, maar Zaterdag namiddag hadden wij een miniatuur zondvloed. Het begon even na 5 uur te regen en gedurende bijna twee uren viel er onafgebroken stroomen regen, iets of wat in den geest van een waterhoos [tuinslang]. De Straten waren spoedig veranderd in riviertjies, die op sommige punten bepaald gevaarlijk waren over te steken. Lieden die door den regen overvalle werden hadden veel moeite om een schuilplaats te vinden tengevolge van den hevige stortregen en de stroomen water die door de straten stroomden.

De Aapiesrivier kwam naar beneden alsof een machtige stroom was, brullende als de stieren van Bashan. Er was een buitengewone hoeveelheid water in, zooals er in de laaste twaalf of veertien jaren niet in hare bedding gezien is. In een van hare zijtakken ontsnapte een paar personen ter naauwernood aan den dood in het water. De heer Kuranda bragt Mevrouw Rex in zijn spider, bespannen met twee paarden, naar die overzijde van de rivier om den avond bij een andere dame door te brengen. Hij kwam de brug die naar de "Lovers Walk" leidt goed over, maar niet soodra was hij aan den anderen kant of de hevige stroom dreeft sijn spider en paarden af en hij en Mevrou Rex moesten ieder een schuilplaats in een boom zoeken. De heer Melt Marais, broeder van Mevrou Rex hoorde angstkreten in de laan van de "Lovers Walk", ontkleede sich haastig en sprong in het water. Toen hij bij de spider kwam, vond hij er niemand in en vreesde het ergste, maar toen hij riep, was hij zeer blijde te bemerken dat Mevrouw Rex en de heer Kuranda ieder veilig op een boom waren. 'S heer Kurandas "Swartjongen" die zich aan een wiel van de spider vastgeklemd had, had gelukkig een scheermes in sijn zak. Hiermede sneed de heer Marais de paarden los, die dadelijk uit het water zwammen. Toen redde hij eerst sijne zuster en hielp vervolgens den heer Kuranda uit zijn gevaarlijke positie. Die spider werd aan een boom gebonden en den volgende morgen er uitgehaald. Het was gelukkig dat de heer Marais, een sterk en gespierd jongmensch, dicht in de nabij was, daar anders ten minste zeker de paarden verdronken zouden zijn, terwijl men niet zeggen kan wat het lot van Mevrou Rex, den heer Kuranda en den "Zwarte" geweest zou zijn. [Ek wens ek was daar on foto's te neem].

Brug
Op die kaart van Van Vooren en Oerder van 1889 sien ons dat daar twee bruê oor die Apiesrivier is. Een is in Kerkstraat en die ander is waar Maré- en Rissikstraat by mekaar aansluit. Dit is laasgenoemde brug wat hier ter sprake is.

Tien jaar later is daar drie bruê oor die rivier [kaart van Donalson en Hills, 1899]: in Kerkstraat is die Arcadiabrug, wat ons vandag ken as die Leeubrug; 'n trembrug in Esselenstraat; en die Victoriabrug waar Maré- en Rissikstraat bymekaar aansluit. Byna elke ander straat het 'n klein voetbruggie gehad. Ek het foto's van al drie die brue en ook van 'n voetgangerbrug, maar ongelukkig kon ek nie 'n foto opspoor van die 1889 brug nie.

Terloops, die straat wat ons vandag as Jacob Maré-straat ken staan in die oudste twee kaarte net as Maréstraat opgeskryf, en in Paff se kaart van 1927 is dit Paul Maré straat. Ek wonder wie hy was?

Lovers Walk
Volgens die 1889 kaart lê Lovers Walk daar waar die Apiesrivier 'n kronkel maak en die suidelike en westelike grens daarvan vorm. Esselenstraat is aan die noordekant, met Presidentstraat en die Harmonie-landgoed aan die oostekant.

Die kinkel is later uit die rivier gehaal en in 1927 kry ons Van Boeschoten-rylaan langs die rivier.

Onderstaande foto is verskaf deur Caren Jansen van die Tshwane Community Library and Information Services.



Lovers Walk. Tree lined pathway along Van Boeschoten Avenue towards The Fountains.

Melt Marais [1860 – 1916]
Kom in 1868 saam met sy gesin na Pretoria en vestig hom op die plaas wat later Les Marais sou heet. Hy was ‘n ouer broer van die digter Eugene Marais. Sy beroep was die van makelaar en algemene agent in vennootskap met Kuranda en later, nadat die vennootskap verbreek is, ook op sy eie. Melt Marais word ook gekies as Veldkornet vir Pretoria en het as sodanig ‘n leidende rol gespeel in die verset teen die Engelse.

Melt Marais was definitief ‘n “sterk en gespierde jongmens”. In 1976 word ‘n sportdag gehou om President Burgers se verjaarsdag te vier. Melt Marais, toe 16 jaar oud, wen die 150 yards en ook die hoogspring vir seuns met ‘n hoogte van 3 voet 10 duim [De Volksstem, 29 April 1876].




Groep Offisiere van die Staatsartillerie met Melt Marais in die middel.

Kuranda
Oor hom is nie baie bekend nie. Hy en Melt Marais was vennote van die firma Kuranda & Marais. Volgens 'n advertensie was hulle Algemene Agente en Makelaars. Hul kantoor was in die Commercial Chambers op Kerkplein.

Mevrou Rex
Een van haar jonger broers was die skrywer en digter Eugene Marais. Volgens familie oorlewering was sy in 'n liefdesverhouding met die Engelse skrywer Rider Haggard en is sy gebuik as inspirasie vir die hoofkarakter van sy boek "Jess". Die waarheid van die bewering kan ek nie bevestig nie.

Haar dogter mev. Mabel Malherbe word in 1931 gekies as Pretoria se eerste vroue-burgemeester.

---------------------------------------------------------------------

Groete tot volgende maand
Rosa Swanepoel